

# KOMMUNIKAMMA



## TEKS vir die WEEK:

**Heb 10:23-25:** <sup>23</sup>Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. <sup>24</sup>Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. <sup>25</sup>Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

## SAKE VIR GEBED

\* Bring aan die Here 'n offer van lof. Dank Hom vir 'n nuwe maand. Dank Hom vir al jou seënninge. Dank Hom dat ons Sy opstanding elke Sondag kan vier en dat ons die nuwe week saam met geloofs familie in die erediens kan begin.

\* Ons dank die Here vir die milde reën wat oor groot dele van die land geval het en ook by ons. Kom ons buig steeds voor Hom neer vir Sy voorsiening in ons droogtegeteisterde dele van die land en by die opvangsgebiede.

\* Dank Hom vir die voorreg dat elkeen van ons deel van Sy fontein van liefde mag wees.

- \* Leon Nel het 'n operasie ondergaan.
- \* Martyn Nel gaan vir 'n omleidingsoperasie.
- \* Sakkie Rossouw se ma is geopereer.
- \* Lizette Geldenhuys wat behandeling ontvang.
- \* Bid vir Oom Jan Schnetler se dogter, Ina, wat met longkanker gediagnoseer is.
- \* Bid vir Dossie Nortje se genesing na 'n groot operasie.

\* Dra die krisis wat die Koronavirus teweeg bring aan die Here op. Bid vir genesing en vir die ontwikkeling van medikasie om die virus mee te behandel.

**\*\*\*Bid asb vir die span van Egipte wat hierdie week in die Wes-Kaap is. Mag hulle deur die liefde van die Here omvou word. Mag hulle bediening geseën wees.**

## SONDAG 2 FEBRUARIE 2020

**08:30** Eietydse diens en Kamma kidz

**09:45** Kategese

**10:00** Klassieke diens

Die doop word bedien aan Luc Roelofse, seuntjie van Riaan en Annemi. Baie geluk.

Deurdankoffer is 'n Sinodale dankoffer vir Getuienis

Teebeurt vandag: St Joseph sel

Teebeurt 9 Feb: Pronkertjie sel

---

## MAANDAG 3 FEBRUARIE

**09:30** Biduur Kku

**12:45-14:00** Gebedsgeleentheid in die gebedskamer.

**18:00** Administrasie diensterrein.

## DINSDAG 4 FEBRUARIE

**11:00** Diens Stella Londt.

**17:30 ViA vergadering:** Al die vroue wat bereid is om op een of ander manier betrokke te raak by funksies van ViA, word uitgenooi na die **Algemene vergadering in die gebedskamer**. Indien jy dit nie kan bywoon nie, maar steeds bereid is om te help, kontak asb vir Dossie by (082 957 6084).

**19:00** Leef@Kerk.

## VRYDAG 7 FEBRUARIE

### MANNEBYEENKOMS

**05:00** Ons kom by Elandré Bosch, Lilylaan 68. bymekaar. Al die manne, ook jongmanne, is welkom.

## SONDAG 9 FEBRUARIE

**08:30** Eietydse diens en Kamma Kidz.

**09:45** Kategese.

**10:00** Klassieke diens.

## WEEK VAN GEBED

Ons gemeente se week van gebed is van Maandag **10 Februarie tot Woensdag 12 Februarie**, elke aand om **19:00**. Almal is welkom om te kom saam bid. Kom, soos jy is.

**Wanneer ons werk, is dit net mensewerk, maar wanneer ons bid, werk God en wanneer God werk, wie kan dit keer?**

**Gebed is nie 'n towerformule om van God te kry wat ons wil hê nie, dit is die enigste manier om te word wat God bedoel het dat ons moet wees.**

## NOODSPENS

**Baie dankie vir almal wat bygedra het tot die noodspens se voorraad. Daar is deurlopende behoefte aan kos.**

**Enige nie-bederfbare kos bv blikkieskos, pakkies sop, ensovoorts is baie welkom**

**VROUE AFSKOP – DINSDAG 18 FEBRUARIE  
OM 18:30 IN DIE KERKSAAL.**

Kom luister na Mariëtte Dreyer.

**Tema: LAG, DANS, BID.**

Mariëtte is ma en jeugwerker van Humansdorp. Sy sal jou aanspoor met woema en 'n huppel in elke ma (en ouma) se stap sit.

**KLEINSKOOLO INISIATIEF**

Ons beplan om in 2020 gevestigde huiskerke te bemagtig met opleiding vir kinderbediening en om goeie materiaal aan hulle te verskaf. Ons is in gesprek met die kinderbediening van EE3 in PE en is gereed om die eerste twaalf voornemende studente met die **Hoop vir Kinders** -program te bemagtig. Die koste van een persoon se opleiding beloop meer as R250. Indien die Here dit op u hart lê, vra ons bydraes om ten minste die eerste twaalf studente te borg. Bo en behalwe die onkoste het ons nog twee matriekleerders wat leerlingraad baadjies benodig en op leerlingraad kampe moet gaan.

Ek vra dat Kraggakamma lidmate hierdie nuwe saak in gebed sal opdra. Ek is egter in my hart oortuig dat dit die pad is wat die Here met Kleinskool wil loop.

**Margita Marx 0823374336.**

**KONTAKKAART**

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar.

Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

[kuberkamma@ngkraggakamma.co.za](mailto:kuberkamma@ngkraggakamma.co.za)

**MARANATHA**

Op Valentynsdag 15 Februarie wil Maranatha Straatwerkers Trust graag vir 40 bejaardes by ons projek in Pienaarsig, Nieu Bethesda 'n bietjie bederf. Ons wil graag 'n hoender kerrie en rys ete vir hulle aanbied. Enige bydraes tot die ete sal waardeer word (hoender, rys, gemengde groente, bone in tamatiesous, aartappels, wortels ens). Graag wil ons 'n sepie en waslappie ook skenk. Bydraes hiervoor sal ook baie waardeer word.

Hierdie is 'n klein gemeenskap wat baie ontberings in die gesig staar. Enige bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word waar ons dit sal afhaal.

Terugvoering oor die ete sal later gegee word.

*(Dr) Trudi Basson Maranatha Streetworkers Trust.*

**MAART MALLIGHEID**

Ons gemeente se loslit-gesellige informele pret konsert is vanjaar op **6 Maart**. Kom word deel daarvan. As jou kleingroep of iemand in jou familie wil deelneem, kontak die kerkkantoor of Margita Marx (0823374336). Enige voorstelle van items is welkom. Dit is 'n lekker kuier-aand. Ons sit gesellig om tafels en bring iets lekker om te eet en drink. Daar sal ook pannekoek te koop wees. As iemand wil deel vorm van die span wat dit organiseer, bied asb jou dienste aan by die kantoor, Linda Rossouw (0824024396) of Margita Marx. Vanjaar se fondse gaan vir kinderbediening in Kleinskool se bende-geteisterde areas.

**VERVOER GESOEK**

Die afrigter van 'n swemskool in Sherwood het aangebied om een keer per week gratis swemlesse vir drie kinders en 'n volwassene van Groenbossies Place of Hope, te gee.

Die probleem is egter dat hulle nie vervoer het nie.


**Ons soek mense wat bereid is om hulle een keer per week by Groenbossies op te laai en terug te neem.**

**Dit sal in die namiddae na skool wees.**

Die swemlesse is gewoonlik 'n halfuur lank en die persoon kan somer by die swemplek wag om hulle weer huis toe te neem.

Kontak Anita by (072 210 1871) indien jy bereid is om te help asseblief.

**VERBETERINGSFONDS**



**Hier is 'n barometer wat die doelwit voorstel om die lening van R 600 000 terug te betaal. Die lening is aangegaan om die verbeteringe in die kerkgebou aan te gaan. Tans is daar R 89 315 ontvang vir die projek. Indien die Here dit op jou hart druk en jy 'n donasie wil maak, merk dit asb. duidelik vir die verbeteringsfonds.**



Gebruik SnapScan en betaal jou:  
Dankoffer  
Maandelikse Bydrae  
Donasie, ens..